



HOËRSKOOL PEARSON HIGH SCHOOL

The School of Excellence | Die skool van uitnemendheid

Hoërskool Pearson-Afrikaanskursus 2019

Vir aandag:

Die Skoolhoof & Afrikaans-onderwysers

Vlak: Graad 8–12 Huistaal & Eerste Addisionele Taal

Alle graad 8 tot 12-onderwysers wat Afrikaans onderrig, word vriendelik na hierdie kursus uitgenooi.

Die kursus word deur kundige fasiliteerders in die Oos-Kaapprovinsie asook gassprekers van buite die provinsie aangebied.

Ons is baie opgewonde dat personeel van NB-uitgewers as gassprekers sal optree. Die gewilde skrywer, Fanie Viljoen, sal ook met kursusgangers oor sy skryfwerk gesels.

Onderwysers wat hul storie ken, gaan besondere wenke en kennis deel oor 'n wye verskeidenheid vakaspekte. Die gedagte is om onderwysers werklik toe te rus met sinvolle en uitvoerbare wenke wat almal in staat sal stel om leerders beter voor te berei om uitdagende eksamenvraestelle met selfvertroue aan te pak! Ons wil onderwysers juis vroeg in die jaar ten opsigte van alle aspekte en uitdagings van Afrikaans in die klaskamer bemagtig.

PLEK: Hoërskool Pearson

Jenveyweg
Somerstrand
Port Elizabeth

DATUM: Saterdag, 9 Februarie 2019

TYD: 7:30–14:00 ('n ligte middagete word om 14:00 bedien.)



HOËRSKOOL PEARSON HIGH SCHOOL

The School of Excellence | Die skool van uitnemendheid

Program: Die volgende belangrike aspekte sal aandag geniet:

- **Leesbegrip:** standaard van stukke, verskillende soorte vrae, verskeidenheid van tekste, ens.
- **Visuele geletterdheid** – die belangrikheid van strokiesprente en advertensies as klasoefeninge en in eksamenvraestelle
- **Die opsomming:** paragraafopsommings (HT) en puntsgewyse opsommings (EAT)
- **Taalkunde:** hoe moet die verskillende taalaspekte sinvol aangebied en opgeskerp word?
- **Stelwerk:** praktiese wenke om leerders se skryfwerk te verbeter.
- **Barret & Bloom** – die belangrikheid en toepassing hiervan in elke assesseringsgeleentheid & hoe stel ek goeie vraestelle op?
- **Letterkunde:** watter aspekte moet aandag geniet in die behandeling van die roman, kortverhale, poësie en die drama veral met die oog op die nuwe letterkunde!
- **Die literêre opstel (HT)**
- **Mondeling:** wenke vir luisterbegrip, klasgesprekke, klasdebatte
- Wenke vir **informele klasaktiwiteite** en pret
- **Spelling** – hoe help ons leerders om die belangrikheid hiervan te besef en wenke om dit te verbeter
- **Fokus op die nuwe graad 10 & 12-letterkunde (HT & EAT)!**
- 'n Paar ander verrassings en lekker vermaak!

Kursusfooi:

R120 per persoon (sluit ligte middagete en alle kursusmateriaal in)

Betaalbaar aan:

Rekening: Hoërskool Pearson

Bank: Standard Bank

Tak: 050417 Rekeningnommer: 080271707

Verwysing: Naam van skool_Afrikaanskursus

Faks asseblief 'n afskrif van die betalingsbewys na 041 583 3038 of e-pos na prademeyer@pearsonhighschool.com.

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: WOENSDAG, 7 FEBRUARIE

Vriendelike Afrikaans-groete

Mademeyer

**Pieter Rademeyer
Adjunkhoof**

H Roux

**(Me.) Hela Roux
Skoolhoof**